KENNISGEWING 3427 VAN 2002
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
UITVAARDIGING VAN NASIONALE BELEID OOR DIE BESTUUR VAN MIDDELMISBRUIK DEUR LEERDERS IN OPENBARE EN ONAFHANKLIKE SKOLE EN INSTELLINGS VIR VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING

Ná oorlegpleging met die Raad van Onderwysministers gee ek, Kader Asmal, as Minister van Onderwys, hiermee ingevolge artikel 3(4) (N) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27 van 1996) kennis van die uitvaardiging van die Nasionale Beleid oor die Bestuur van Middelmisbruik deur Leerders in Openbare en Onafhanklike Skole en Instellings vir Verdere Onderwys en Opleiding, soos dit in die bylae hierby verskyn.

PROFESSOR KADER ASMAL LP
MINISTER VAN ONDERWYS

BELEIDSRAAMWERK VIR DIE BESTUUR VAN MIDDELMISBRUIK DEUR LEERDERS IN SKOLE EN IN OPENBARE INSTELLINGS VIR VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING

Inleiding

1. Hierdie beleid is in antwoord op ŉ besluit deur die Raad van Onderwysministers om onderwysinstellings se vermoë om middelmisbruik by leerders te bestuur op ŉ nasionaal konsekwente grondslag uit te brei. Dit word opgestel in die konteks van ons toenemende begrip van middelgebruik in skole.

2. Die Ministerie van Onderwys beskou ŉ veilige en gedissiplineerde leeromgewing as een van die deurslaggewende elemente in die suksesvolle lewering van gehalteonderwys, en erken die rol wat middelgebruik in die ondermyning van sodanige onderwys speel.

3. Die Ministerie onderskei tussen gewoontemisbruik van middels en dwelmhandel, wat veroordeel en gestraf moet word, en misbruik weens eksperimentasie of groepsdruk, wat in die konteks van herstellende geregtigheid hanteer moet word.

4. Studies oor middelgebruik in die land dui op ŉ toename in middelmisbruik in alle gemeenskappe, ongeag welvaart, hoewel gebruiksyfers en voorkeurmiddels op grond van toegang en koste tussen gemeenskappe wissel. Bewyse toon dat skoolgemeenskappe veral kwesbaar is en dat middelgebruik onder leerders in sowel landelike as stedelike skole, wat laerskole insluit, toeneem. Hierdie verslae dui ook op ŉ sterk verwantskap tussen middelmisbruik en ander antisosiale en hoërisikogedrag wat eie is aan kontrakulture, soos geweld, seksuele geweld, bendebedrywighede en diefstal. Verslae lê eweneens ŉ verband tussen middelmisbruik en die voorkoms van MIV/vigs, en gevolglik ook voortydige sterftes.

5. Hierdie beleid probeer nie middelgebruik en -misbruik onder opvoeders reguleer nie. Dít word hanteer in die Wet op Indiensneming van Opvoeders (1998), wat aandring op die verpligte ontslag van ŉ opvoeder by wie enige bedwelmende, onwettige of verdowende middel by die werk gevind word.


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

6. Die kern van die beleid is om nie net daardie leerders wat middels misbruik te help en te ondersteun nie, maar ook die meerderheid leerders en personeel wat nié middels gebruik nie, maar deur ander se middelgebruik geraak word. Die beleid wil leerders met ŉ middelprobleem bystaan en ondersteun, solank as wat hulle bereid is om met opvoeders en ander beroepslui gemoeid met die behandelings- en rehabilitasieproses saam te werk.

7. Hierdie beleid vul verwante beleidstukke en wetgewing oor die beheer en bestuur van middelmisbruik in skole aan, in besonder die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls in Openbare Skole, Staatskoerant 22754 van 12 Oktober 2011.

8. Die Ministerie glo dat strafbenaderinge tot middelmisbruik, hoewel nodig, slegs ŉ deel van die oplossing kan uitmaak, en is van mening dat middelmisbruik nadelig is vir mense op ŉ sosiale, fisiese, emosionele en sielkundige vlak. Die Ministerie erken dat middelgebruik uit eksperimentasie en groepsdruk kan spruit, maar ook dat misbruik tot afhanklikheid kan lei, wat ŉ primêre, chroniese en erger wordende gesondheidstoestand is, en in wese ŉ openbare gesondheidskwessie.

9. Gedagtig aan die gesondheids- en sosiale kwessies verbonde aan middelmisbruik en -afhanklikheid wil die Ministerie nie leerders veroordeel nie, maar eerder verseker dat diegene wat hulp met middelverwante probleme nodig het, ondersteun word.

10. Hierdie beleidsraamwerk wil daarom tot doeltreffende voorkoming, bestuur en behandeling van middelgebruik, -misbruik en -afhanklikheid bydra – in openbare of onafhanklike skole en instellings vir verdere onderwys en opleiding. Dit is in pas en ter aanvulling van die Nasionale Dwelmmeesterplan 1999–2004 (Departement van Welsyn, 1999), en is opgestel om uitvoering te gee aan die Suid-Afrikaanse Grondwet wat betref voorsiening vir die reg op basiese onderwys, die reg om nie onbillik teen gediskrimineer te word nie, die reg op lewe, die reg op privaatheid sowel as liggaamlike en sielkundige integriteit. Hierdie regte kan egter nie misbruik word om onwettige en skadelike gedrag te beskerm wat die leerproses ondermyn nie.

11. Hierdie beleid neem kennis van beginsels wat in verskeie tersaaklike instrumente en beleidstukke vervat is, soos die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind sowel as die Riglyne vir Oorweging deur Beheerliggame in die Aanvaarding van ŉ Gedragskode vir Leerders.

12. Die vertolking van die beleid behoort in alle gevalle ŉ ondersteunende omgewing te verseker wat voortdurend let op die regte van leerders en studente met middelgebruik- of middelafhanklikheidsprobleme, sowel as die regte van ander leerders, studente, opvoeders en lede van die skoolgemeenskap.

Rigsnoere

13. Die besit, gebruik of verspreiding van onwettige middels, en die onvanpaste besit, gebruik of verspreiding van onwettige middels, wat alkohol en tabak insluit, is verbode in Suid-Afrikaanse skole, en hierdie boodskap behoort duidelik en konsekwent in ons skoolgemeenskappe oorgedra te word.



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

14. Die Ministerie wil alle Suid-Afrikaanse skole in tabak-, alkohol- en dwelmvrye sones verander.

15. Alle leerinstellings behoort duidelike beleid oor sowel voorkoming as intervensie te hê, wat deur ’n herstellende, ondersteunende ingesteldheid onderstut word. Hierdie beleidstukke en prosedures behoort duidelik op ’n kultureel toepaslike en inklusiewe manier aan die skoolgemeenskap oorgedra en versprei te word, en behoort besondere aandag te skenk aan:

   a. die ontwikkeling van veilige en ondersteunende skoolomgewings wat menswaardigheid op prys stel en onskuldigheid vier;
   b. die opvoeding van die hele skoolgemeenskap met betrekking tot middels en middelmisbruik;
   c. die ontwikkeling van ’n verskeidenheid reaksies vir die bestuur van middelverwante voorvalle in die skool, met inagneming van vertroulikheid, die aard van die voorval, die omstandighede van die betrokke leerders, en die behoeftes en veiligheid van die skoolgemeenskap;
   d. vermoëbou onder opvoeders deur hulle, veral diegene wat met middelverwante voorvalle werk, toegang tot professionele-ontwikkelingsgeleenthede te bied wat deur provinsiale onderwysdepartemente, ander staatsdepartemente of privaat diensverskaffers voorsien word; en
   e. gereelde monitering en beoordeling van beleid en prosedures vir die bestuur van middelverwante voorvalle in skole.

16. Alle inligting met betrekking tot middelgebruik, -misbruik of -afhanklikheid deur ’n leerder behoort as vertroulik hanteer te word. In die geval van ’n leerder moet ouers/voogde so vroeg moontlik ingelig en betrek word by enige pogings om die leerder te help. Waar die skool, instelling of Onderwysdepartement as deel van ’n terugvalvoorkomingsprogram verslae van die behandelingspan benodig, behoort dit voorsien te word mét die leerder se skriftelike toestemming, wat aan ’n aangewese en opgeleide persoon gegee word – in die geval van ’n minderjarige, in die teenwoordigheid van ’n ouer/voog. Waar die leerder weier om saam te werk, behoort die skool se dissiplinêre prosedures in werking te tree.

17. Die behoefte aan vertroulikheid kan en behoort nie die identifisering en vervolging van dwelmhandelaars en -smouse te verhoed nie.

18. In geval van onthulling moet opvoeders en leerders ondersteuning ontvang en voorbereid wees om sodanige onthulling en vertroulikheidskwessies te hanteer. In bepaalde omstandighede waar die veiligheid van die leerder of opvoeder in gevaar kan wees, is beperkte onthulling teenoor ’n bepaalde opvoeder voldoende. Dít geld in besonder vir instellings waar die leerder masjiene of ander potensieel gevaarlike apparaat beheer.

Middeltoetsing

19. Middeltoetsing is uiteraard ’n skending van privaatheid, en kan op die grondwetlike en persoonlike regte van leerders inbreuk maak. Daarom behoort dit nie as eerste intervensiepunt te dien nie.

20. Lukrake middeltoetsing is verbode. Daar is geen empiriese bewys of regverdiging dat roetine-lukrake toetsing van leerders middelgebruik verminder nie. Middeltoetsing behoort plaas te vind


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

waar daar ’n redelike vermoede bestaan dat ’n kind middels gebruik. Toetsing moet as deel van ’n gestruktureerde intervensie of terugvalvoorkomingsprogram gebruik word in ’n omgewing wat verbind is tot die beskerming van persoonlike regte wat betref privaatheid, menswaardigheid en liggaamlike integriteit, volgens skoolbeleid, mediese/behandelingsprosedures en etiese riglyne. Die resultate van die toetse mag nie openbaar gemaak word nie, maar kan met die kind se ouer of voog gedeel word.

Deursoekings

21. Lukrake deursoeking van individue is verbode. Deursoeking van leerders mag slegs deur persone van dieselfde geslag uitgevoer word, en wel as deel van ’n gestruktureerde intervensie, op ’n behoorlike en ordelike manier, indien daar ’n redelike vermoede bestaan dat die leerder in besit is van ’n verbode middel. Indien ’n deursoeking nodig is, behoort dit in die teenwoordigheid van die betrokke leerder, ’n ondersteuningspersoon van die leerder se keuse, en ’n tweede volwasse getuie van dieselfde geslag as die leerder te geskied.

Opvoeding en voorkoming

Leerders

22. Die oogmerk van voorkomende opvoeding is om die waarskynlikheid van middeleksperimentasie deur die voorsiening van inligting oor die gevare van middelgebruik en -misbruik uit die weg te ruim, teen te werk of te vertraag, sowel as om diegene wat probleme ondervind te ondersteun om die nodige hulp te bekom.

23. Middelopvoeding, wat by die leerarea van Lewensoriëntering in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring vir graad R tot 9 en die Nasionale Kurrikulum vir verdere onderwys en opleiding ingesluit is, sal verseker dat leerders en studente ouderdoms- en kontekstoepaslike kennis en vaardighede verwerf ten einde lewensvaardighede en gedrag aan te leer en te handhaaf wat hulle teen middelgebruik, -misbruik en -afhanklikheid sal beskerm.

24. Skole en instellings moet so ver moontlik buiteorganisasies betrek wat in middelopvoeding en -intervensies sowel as ander verwante programme spesialiseer, ter aanvulling van die opvoeding wat skoolgebaseerde opvoeders bied.

Ouers/voogde

25. Opvoeding en inligting oor middelgebruik, -misbruik en -afhanklikheid sowel as die middelbeleid van die skool of instelling behoort by eerste registrasie by ’n skool aan alle ouers/voogde van leerders sowel as leerders self beskikbaar gestel te word.

Opvoeders

26. Alle opvoeders behoort opleiding en toepaslike ondersteuning in die bestuur van middelgebruik, -misbruik en -afhanklikheid te ontvang.



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

27. Toepaslike kursusinhoud behoort vir die voor- en nadiensopleiding van opvoeders ontwikkel te word om middelverwante voorvalle in skole te hanteer.

Intervensie

28. Elke geval sal op individuele meriete oorweeg word, met inagneming van:

- die aard van die voorval;
- die leerders/studente se skool- en familiegeskiedenis;
- kulturele agtergrond;
- geestesgesondheid en intellektuele vermoë; en
- enige ander tersaaklike inligting.

29. Die Ministerie van Onderwys sal leerders ondersteun wat hulp wil hê of nodig het, deur ŉ benadering wat sowel herstellend as ondersteunend is.

30. Leerders en studente wat as gevolg van alkohol- en middelgebruik, -misbruik of -afhanklikheid probleme ervaar (het), en wat behandeling aanvaar, sal geregtig wees op toepaslike bystand, en behoort nie van die geleentheid ontneem te word om ŉ opvoeding te ontvang of by dieselfde skoolgemeenskap herintegreer te word nie. Indien die skoolbeheerliggaam en skoolbestuur egter reken dat sodanige herintegrasie nadelig is vir die veiligheid en dissipline van die skool, behoort die leerder bystand te ontvang om na ŉ alternatiewe skool te gaan.

31. In gevalle waar die leerder nié die aanbod van hulp wil aanvaar nie of aan dwelmhandel skuldig bevind word, sal die provinsiale onderwysdepartemente nie anders kan as om die nodige dissiplinêre stappe te doen nie, wat skorsing of uitsetting kan insluit, soos wat tersaaklike wetgewing bepaal. Hierdie maatreëls behoort by ŉ gestruktureerde intervensie met die leerder én die ouers/voog geïntegreer te word ten einde voldoening aan te moedig, waarvolgens die leerder geskors sal kan word hangende inskrywing by ŉ toepaslike rehabilitasie- of terugvalvoorkomingsprogram.

Bestuursplanne vir skole en instellings

33. Ten einde aan die eise van die wye verskeidenheid omstandighede in die Suid-Afrikaanse konteks te voldoen en die belang van beheerliggame, verteenwoordigende rade van leerders sowel as ouers in die onderwysvennootskap te erken, word daar beoog dat die beheerliggaam van ŉ skool, in die uitvoering van sy funksies ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet (1996), die Wet op die Raad op Verdere Onderwys en Opleiding (1998) of enige provinsiale wet, in samewerking met ander rolspelers praktiese uitvoering aan die nasionale beleidsraamwerk sal gee in die ontwikkeling en aanvaarding van ŉ bestuursplan vir middelgebruik, -misbruik en -afhanklikheid, wat die behoeftes, etos en waardes van die skool of instelling en die omringende gemeenskap weerspieël.

34. Die gedragskode vir leerders by ŉ skool, of vir studente by ŉ instelling, behoort voldoende voorsiening te maak vir ŉ skool- of instellingsbeleid oor middelgebruik, -misbruik en -afhanklikheid.


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

35. Belangrike rolspelers in die groter skoolgemeenskap (nieregeringsorganisasies, gesondheidsorg- en mediese beroepslui, die polisie en die staatsdepartemente van Gesondheid, Maatskaplike Ontwikkeling en Justisie) behoort betrokke te wees by die ontwikkeling van ondersteunende bestuursplanne en -prosedures, en kan met die ontwikkeling van skole en instellings se bestuursplanne help.

Inwerkingstelling van hierdie Nasionale Raamwerk oor Middelgebruik, -misbruik en -afhanklikheid

36. Die inwerkingstelling van hierdie beleid sal ooreenkomstig die Nasionale Dwelmmeesterplan geskied en sal na die verskeie vlakke in die onderwysstelsel deursyfer.

Gereelde hersiening

37. Hierdie beleid sal gereeld hersien en, wanneer en indien nodig, aangepas word ten einde veranderde omstandighede te weerspieël.

OMSKRYWINGS/WOORDELYS

Middel/dwelm: ʼn Stof met ʼn psigoaktiewe uitwerking. In hierdie beleid word die term 'middel' generies gebruik om ook tabak- en kruiesigarette, alkohol, farmaseutiese middels (voorskrif en toonbank), onwettige middels, hupstootmiddels en -snuifmiddels en ander plofbare stowwe in te sluit.

Onwettige middel: ʼn Verskeidenheid middels waarvan die vervaardiging, verkoop, besit en gebruik verbode is. Hierdie middels sluit in, dog is nie beperk nie tot, amfetamien, kokaïen, dagga, ecstasy, heroïen, LSD en mandraks.

Snuifmiddels: Stowwe wat vir hul uitwerking ingeasem word, soos gom, verdunner, petrol, aërosolsproei, verf, oplosmiddels, ensovoorts.

Beeld- en prestasiehupstootmiddels: ʼn Verskeidenheid stowwe, sommige onwettig en ander nie, wat gebruik word om sport- of atletiese prestasie of liggaamsbeeld te verbeter, soos anaboliese steroïede.

Farmaseutika: Voorskrif- en toonbankmiddels wat van ʼn apteek verkrygbaar is. Van hierdie middels mag nie sonder ʼn voorskrif besit of gebruik word nie.

Psigoaktiewe stof: ʼn Psigoaktiewe stof verander die manier waarop die liggaam en/of verstand werk. Dit verander dus die manier waarop ʼn persoon gewoonlik dink, voel en optree.

Gestruktureerde intervensie: ʼn Beheerde krisissituasie waar die gebruiker met die desperate werklikheid van sy/haar situasie gekonfronteer word en ʼn aanbod van behandeling ontvang.

Herintegrasie by die skoolgemeenskap: Prosedures vir her(insluiting) en ondersteuning van leerders en opvoeders met betrekking tot skoolbywoning ná ʼn middelverwante onderbreking in hul opvoeding/loopbaan.

Terugval: Wanneer ʼn persoon hom/haar vir ʼn tydperk van middelgebruik weerhou het, maar weer begin.


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

Terugvalvoorkoming: Prosedures om 'n persoon van afhanklikheid te help herstel en die betrokke middel te help weerstaan.

Skoolgemeenskap: Leerders, opvoeders en ander skoolpersoneel, wat beheerliggame en ouers/voogde insluit.

Lukrake middeltoetsing: Om mense lukraak te kies vir toetsing (gewoonlik urine) vir die moontlike aanwesigheid van middels in die liggaam.

Eksperimentasie: Eerste of ongereelde gebruik.

Gebruik/geleentheidsgebruik: Gebruik met ongereelde tussenposes of by geleentheid.

Misbruik/problematiese gebruik: Gereelde (dog nie altyd dikwelse nie) gebruik met skadelike gevolge.

Afhanklikheid/verslawing: Verlies aan beheer. Voortgesette gebruik ondanks skadelike gevolge.


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS